

1 Desember

**Skrifgedeelte: Genesis 1:1-3, 24-31**  
**Fokusgedeelte: Genesis 1:31**

**Alles wat God gemaak het, was baie goed! Jy ook!**

Wel, ons is in die eerste dag van die laaste maand van die jaar! Hoe gaan dit met jou? Watter emosies en gedagtes is daar op hierdie oomblik in jou hart? Jy het dalk nog baie werk wat voor 16 Desember klaargemaak moet word. Jy is dalk nou op verlof, máár jy voel nie goed oor jouself nie. Dalk voel jy dat ander mense jou te na gekom het. In jou hart vra jy: Wat is die sin van my lewe?

Ek wil jou nie aangeluur en vir jou vra wat dink jy is jou aandeel in die seerkry nie. Ek wil jou neem na die begin van alle sin. Die Here kom met Genesis 1 en vat jou terug na sy beplanning en die uitvoer van sy Raadsplan. Jy is deel van God se Raadsplan! God het gesê: “Laat daar lig wees, en daar was lig!” Na Dag 3 se skeppingswerk tot by Dag 5 se skeppingswerk staan daar dat God gesien het dat sy skeppingswerk “goed was”. Hierdie “goed” beteken dat die skeppingswerk van “goeie gehalte was”. God was stap-vir-stap tevrede.

God voltooi sy skeppingswerk op die sesde dag, Hy maak die mens, as man en vrou, na sy beeld en as sy verteenwoordiger hier op aarde. God het sy Skeppingswerk voltooi, Hy staan terug en sien dat sy skeppingswerk “baie goed” was. Letterlik sou mens kan vertaal: “Kyk hier! My skeppingswerk is fantasties!”

Liewe vriend/vriendin in Christus, hoor God die Vader se stem: “Kyk hier, kyk in die spieël, Ek het jou fantasties gemaak. Jy is deur My gemaak en jy is die vrug van my arbeid. Raak jy nou net rustig. Ek gee sin aan jou lewe.” Antwoord jy: Hier is ek, my Vader, ek is nog steeds net klein in u Vaderhand.

*Sing: Skrifberyming 11-2:1 (52)*

*Ds. J van Schaik (Randburg)*